(i) deur die invoeging na die omskrywing van "lisensiehouer" van die volgende omskrywing:

""**magtigingsbrief-sertifikaat"** 'n sertifikaat uitgereik deur die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, soos bedoel in artikel 5(2)(f) van die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008), wat toelaat dat handelsware en produkte verkoop word of dienste verskaf word;";

(j) deur die skrapping van die omskrywing van "Nasionale Perdewedrenowerheid";

(k) deur die invoeging na die omskrywing van "magtigingsbrief-sertifikaat" van die volgende omskrywing:

""**NRVS"** die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies van Suid-Afrika ingestel deur artikel 3(1) van die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008);";

(l) deur die vervanging van die omskrywing van "onafhanklike perseeloperateur" deur die volgende omskrywing:

""**onafhanklike perseeloperateur"** 'n perseeloperateur wat nie aan 'n roete-operateur gekoppel is nie en wat gelisensieer is om beperkte uitbetaalmasjiene op 'n **[enkel]**perseel te **[besiten]** bedryf **[enverantwoordelik is vir instandhouding van die masjiene, insameling van gelde en betaling van die toepaslike belasting en heffings]** ;";

(m) deur die skrapping van die omskrywing "Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds";

(n) deur die vervanging van die omskrywing van "perseeloperateur" deur die volgende omskrywing:

""**perseeloperateur"** 'n persoon wat gemagtig is om beperkte uitbetaalmasjiene **[op sy of haar perseel]** aan te hou en te bedryf ingevolge 'n lisensie wat ooreenkomstig hierdie Wet uitgereik is;";

(o) deur die vervanging van die omskrywing van "persoon" deur die volgende omskrywing:

""**persoon"** 'n natuurlike **[of regs]** persoon **[, 'n groep van sodanige persone]** of 'n korporatiewe liggaam, tensy die samehang 'n ander bedoeling aandui;";

(p) deur die vervanging van die omskrywing van "publiseer" deur die volgende omskrywing:

""**publiseer"** ook, tensy die samehang 'n teenstrydige bedoeling aandui, om te vertoon, te sirkuleer, aan te kondig of te laat vertoon of sirkuleer of aankondig op enige wyse hoegenaamd;";

(q) deur die vervanging van die omskrywing van "renbaanoperateur" deur die volgende omskrywing:

""**renbaanoperateur"** 'n korporatiewe liggaam wat ingevolge artikel 89

gelisensieer is **[om wedrenbyeenkomste by een of meer renbane te hou]** en is 'n term wat verwys na die drie tipes renbaanoperateurs bedoel in artikel 89(1) van die Wet, synde –

(a) die operateur van 'n eksklusiewe reg-renbaan soos bedoel in artikel 89(1)(a);

(b) die operateur van 'n standaardgeteelde renbaan soos bedoel in artikel 89(1)9(b); en

(c) die operateur van 'n tuigwedren-renbaan soos bedoel in artikel 89(1)(c);";

(r) deur die vervanging van die omskrywing van "roete-operateur" deur die volgende omskrywing:

""**roete-operateur**" 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet gelisensieer is om beperkte uitbetaalmasjiene aan perseeloperateurs te verskaf en om ander voorgeskrewe aktiwiteite te onderneem;";

(s) deur die invoeging na die omskrywing van "SABS" van die volgende omskrywing:

""**SANS**" 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde in ooreenstemming met die Standaardewet, 2008 (Wet No. 8 van 2008);";

(t) deur die invoeging na die omskrywing van "sportweddenskap" van die volgende omskrywings:

""**standaardgeteelde perd**" 'n perd wat 'n afstammeling is van die perd bekend as Rysdyk's Hambletonian, wat in 1849 in die Verenigde State van Amerika gevul is en wat beskou word as die stamvader-dekhings van die ras;";

""**standaardgeteelde perdewedren**" 'n tuigwedren-perdewedren, anders as 'n tuigwedren-perdewedren waarin slegs standaardgeteelde perde kan meeding, gery deur 'n natuurlike persoon, teen 'n galop, 'n drafstap of 'n pas: Met dien verstande dat 'n perdewedren waarin enige ander perderas meeding teen 'n galop, 'n drafstap of 'n pas by 'n renbaan wat bedryf word deur 'n gelisensieerde operateur van 'n standaardgeteelde renbaan, beskou word as 'n standaardgeteelde perdewedren vir die doeleindes van hierdie Wet;";

""**sulky**" wanneer gebruik word as 'n selfstandige naamwoord, 'n tweewielkarretjie, met 'n enkel sitplek vir die drywer, wat getrek word deur 'n standaardgeteelde perd in 'n tuig-perdewedren;";

(u) deur die vervanging van die omskrywing van "totalisatoragent" deur die volgende omskrywing:

""**totalisatoragent"** 'n persoon wat kragtens kontraktuele bepalings wat nie 'n indiensnemingskontrak uitmaak nie en, ingevolge artikel 111(1)(b)(ii), deur 'n totalisatorlisensiehouer aangestel word om 'n agentskap van **[die betrokke]** daardie totalisatorlisensiehouer**[te bestuur en]** te bedryf;";

(v) deur die invoeging na die omskrywing van "totalisatoragent" van die volgende omskrywing:

""**totalisatoragentskap"** totalisatorperseel vanwaar 'n totalisatoragent 'n agentskap van 'n totalisator bedryf, ingevolge 'n ooreenkoms tussen 'n totalisatorgelisensieerde en sodanige totalisatoragent;";

(w) deur die invoeging na die omskrywing van **"totalisatorperseel"** van die volgende omskrywing:

""**Transformasiefonds"** die fonds ingestel ingevolge artikel 137 van die Wet;";

(x) deur die invoeging na die omskrywing van "totalisatorperseel" van die volgende omskrywing:

""**tuigwedren-perdewedren"** 'n perdewedren waaraan slegs standaardgeteelde perde kan deelneem, op 'n drafstap of pas, hetsy gery onder die saal deur 'n natuurlike persoon, of gedryf deur 'n drywer op 'n "sulky" wat deur die perd getrek word: Met dien verstande dat 'n perdewedren waarin enige ander perderas meeding op 'n galop, drafstap, of pas, by 'n renbaan bedryf deur 'n gelisensieerde tuigwedren-perdewedren-renbaanoperateur, beskou word as 'n tuigwedren-perdewedren vir die doeleindes van hierdie Wet;";

(y) deur die skrapping van die omskrywing van "Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds"; en

(z) deur die invoeging na die omskrywing van "vergoeding" van die volgende omskrywings:

""**verpligte spesifikasie"** 'n verpligte spesifikasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008);";

""**volbloedperd"** 'n perd wat afstam van een van die drie perde wat bekendstaan as die Byerley Turk, die Darley Arabian en die Godolphin Arabian;";

""**volbloedperdewedren"** 'n perdewedren waarin slegs 'n volbloedperd, gery deur 'n natuurlike persoon, mag meeding;".

Wysiging van artikel 6 van Wet 8 van 2010

2. Artikel 6 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

"(c) geleenthede te bevorder vir **[voorheen benadeelde]** persone bedoel in die omskrywing van "breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging", soos vervat in die Wet op die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet No. 53 van 2003), om deel te neem in die **[perdewedren- en weddenskapbedryf]** dobbelbedryf van die Provinsie in die hoedanigheid van **[enige van die persone vereis om gelisensieer of geregistreer te word ingevolge artikel 89, 94, 103, 110 of 111]** lisensiehouers of geregistreerdes, kragtens die Wet;";

(b) deur die vervanging van paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

"(d) die eienaarsbelang van **[voorheen benadeelde]** persone bedoel in die omskrywing van "breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging", soos vervat in die Wet op die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 in die **[perdewedren- en weddenskapbedryf]** dobbelbedryf van die Provinsie te verhoog;";

(c) deur die skrapping van subartikel (2); en

(d) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

"(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan opdrag gee aan die Raad met betrekking tot die oogmerke van die Raad bedoel in **[subartikel]** paragrawe**[(1)]** (c), (d), (e) en (f) van subartikel (1)."; en

(e) deur die invoeging na subartikel (3) van die volgende subartikel:

"(4) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan bevele met betrekking tot die volgende aangeleenthede aan die Raad rig ten opsigte van –

(a) enige werklike of beoogde dobbelverwante beleidsverandering afkomstig vanaf die nasionale regeringsvlak;

(b) enige werklike of beoogde dobbelverwante beleidsverandering afkomstig vanaf die Uitvoerende Raad of die Departement,

ten einde enige projek of hofaksie te wysig, ophef of staak.".

Wysiging van artikel 7 van Wet 8 van 2010

3. Artikel 7 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van paragraaf (q) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf:

"(q) 'n persoon wat kragtens artikel **[89,]** 94 of 110 gelisensieer is, **[ingevolge artikel 121]** magtig, met of sonder voorwaardes, of 'n aansoek, gemaak soos voorgeskryf, om tydelik wedtransaksies vir 'n vasgestelde tydperk by **[die]** enige plek in die Provinsie**[van 'n sport- of ander gebeurtenis]** te onderneem, weier;"; en

(b) deur die vervanging van subparagraaf (iii) van paragraaf (g) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf:

"(iii) alle casinodobbeltoerusting of elke casinodobbelmasjien of beperkte uitbetaalmasjien wat gebruik word, of vir gebruik beskikbaar gestel word, deur **[middel van]** 'n lisensiehouer**[geregistreer en gesertifiseer is ingevolge die Nasionale Dobbelwet]** voldoen aan 'n toepaslike verpligte spesifikasie en deur die Raad geregistreer is by die uitreiking van 'n geldige magtigingsbrief-sertifikaat.".

Wysiging van artikel 8 van Wet 8 van 2010

4. Artikel 8 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subartikel (4) deur die volgende subartikel:

"(4) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad **[kan]** moet**['n amptenaar]**een of meer amptenare binne**[van]**die Departement verantwoordelik vir dobbelary- en wedderyaangeleenthede in die algemeen en vir aangeleenthede wat uitdruklik betrekking het op die Raad, as sy of haar **[verteenwoordiger]**verteenwoordigers op die Raad aanstel wat –

(a) skakeling tussen die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad en die Raad moet fasiliteer;

(b) van tyd tot tyd aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet rapporteer oor aangeleenthede wat hy of sy as toepaslik beskou;

(c) vergaderings van die Raad mag bywoon en aan besprekings deelneem, maar wie nie oor stemreg beskik wanneer die Raad 'n besluit neem nie **[.]**; en

(d) die Raad se werkverrigting moet monitor."

Wysiging van artikel 9 van Wet 8 van 2010

5. Artikel 9 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

"(c) hy of sy, ten tye van die**[tydens]** aanstelling,**[of gedurende die voorafgaande twaalf maande]** –

(i) 'n persoon is**[bedoel in artikel 8(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) is of was]** wat in diens geneem is deur –

(aa) 'n "staatsorgaan", soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

(bb) 'n "openbare entiteit" soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

(cc) 'n politieke party;

(dd) enige provinsiale Wetgewer; of

(ee) die Nasionale Wetgewer; of

(ii) 'n persoon wat 'n amptelike ampsbekleër is **[of was]**;";

Wysiging van artikel 10 van Wet 8 van 2010

6. Artikel 10 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf:

"(b) 'n beëdigde verklaring deur die benoemde waarin die benoemde bevestig dat hy of sy nie ingevolge artikel 9 onbevoeg is nie**[: Met dien verstande dat indien die benoemde weens 'n misdryf skuldig bevind is soos bedoel in artikel 9(1)(j), sodanige benoemde 'n beëdigde verklaring moet voorsien waarin hy of sy volle besonderhede van enige skuldigbevinding bekend moet maak en bevestig dat hy of sy nie ingevolge enige ander van die bepalings van artikel 9 onbevoeg is nie]**.".

Wysiging van artikel 13 van Wet van 2010

7. Artikel 13 van die Hoofwet word hiermee geskrap en met die volgende artikel vervang:

"**Ampstermyn en heraanstelling**

13.(1) Die persone wat in die Raad aangestel is beklee hul amp vir 'n tydperk van drie jaar en is, behoudens artikel 9, herverkiesbaar by verstryking van sodanige termyn: Met dien verstande dat geen persoon heraangestel kan word nadat 'n tydperk van twee ampstermyne op die Raad gedien is nie.

(2) Wanneer 'n persoon aangestel word om 'n vakature op die Raad vir die oorblywende tydperk van 'n termyn van drie jaar te vul, word sodanige dienstydperk op die Raad nie beskou as 'n termyn, vir die doeleindes van die bepaling van bevoegdheid vir heraanstelling, nie.

(3) Nieteenstaande subartikel (1), by die verstryking van 'n ampstermyn, en sou dit gebeur dat 'n nuwe Raad nog nie aangestel is nie, moet die bestaande lede voortgaan

om hul amp te beklee totdat 'n nuwe Raad aangestel is: Met dien verstande dat hierdie verlenging nie 90 dae moet oorskry nie."

Wysiging van artikel 24 van Wet 8 van 2010

8. Artikel 24 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die invoeging na subartikel (2) van die volgende nuwe subartikel:

"(3) Onder enige omstandighede waarin die Raad nie in staat is om lisensies en registrasiesertifikate te hernu, of om oortredings van die Wet of die reëls te hanteer nie, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte, by ontvangs van skriftelike bevestiging vanaf die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, en vir 'n tydperk van hoogstens 90 dae –

(a) die volle bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Raad met betrekking tot die hernuwing van lisensies en registrasiesertifikate, uitvoer en aanvaar soos bedoel in die Wet; en

(b) die bevoegdhede van die Raad aanvaar en uitoefen, soos bedoel in artikels 7(1)(k), 7(1)(l), 7(2)(f) en 7(2)(g): Met dien verstande dat die Hoof- Uitvoerende Beampte eers 'n onafhanklike regspraktisyn aanstel om saam met die Hoof-Uitvoerende Beampte voor te sit by enige navrae wat gemaak word ingevolge paragrawe (a) en (b).".

Invoeging van artikel 30A in Wet 8 van 2010

9. Die volgende artikel word hiermee in die Hoofwet ingevoeg na artikel 30 –

"**Lisensievoorwaardes**

30A. (1) Die Raad mag, nadat die lisensiehouer of geregistreerde eers 'n geleentheid gegun is om vertoë te rig, voorwaardes oplê wat –

(a) duidelik en ondubbelsinnig;

(b) objektief meetbaar; en

(c) redelik haalbaar,

is by die uitreiking van enige lisensie of registrasiesertifikaat, of by die hernuwing van enige lisensie of registrasiesertifikaat: Met dien verstande dat 'n lisensievoorwaarde of 'n voorwaarde vir 'n registrasiesertifikaat, wat opgelê word wanneer hernuwing betaalbaar is, nie die gevolg kan hê as 'n voorvereiste vir die hernuwing van sodanige lisensie of registrasiesertifikaat nie.

(2) 'n Lisensiehouer of geregistreerde mag, te eniger tyd, by die Raad aansoek doen

om enige voorwaarde te wysig, vervang of herroep, waarop die Raad die aansoek kan toestaan of weier: Met dien verstande dat, in alle gevalle waar die wysiging, vervanging of herroeping van enige voorwaarde verbonde aan 'n lisensie die potensiaal het om die verwesenliking of bevordering van die Raad se oogmerke, ingevolge artikel 6 van die Wet, te raak mag die Raad sodanige voorwaarde wysig, vervang of herroep slegs in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

(3) Waar die aansoek toegestaan is, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte verseker dat die wysiging, vervanging of herroeping op die lisensie of registrasiesertifikaat bekragtig word.

(4) Benewens –

(a) die bepaalde bevoegdhede van die Raad om lisensie- of registrasievoorwaardes op te lê, soos voorsien word elders in hierdie Wet; en

(b) bepaalde verpligte lisensie- of registrasievoorwaardes, soos elders in hierdie Wet voorsien,

mag die Raad die tipes lisensievoorwaardes soos gelys in subartikel (5) oplê.

(5) Behoudens subartikel (4) en ondanks die Raad se algemene bevoegdheid om onbepaalde lisensie- of registrasievoorwaardes op te lê, mag die Raad slegs lisensie- of registrasievoorwaardes oplê wat nie teenstrydig is met enige bepaling van hierdie Wet, of met enige nasionale wetgewing nie, en wat betrekking het op –

(a) die oogmerke van die Raad ingevolge artikel 6;

(b) enige bepalings, voorwaardes, opdrag of bepaling uitgereik of gemaak deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge artikels 6, 47, 89 en 137; of

(c) strafbepalings op 'n lisensiehouer of geregistreerde, deur die Raad opgelê onder omstandighede waar die Raad bevind het sodanige lisensiehouer of geregistreerde hierdie Wet oortree het.

(6) Die Raad moet 'n voorwaarde op elke lisensie oplê en sodanige voorwaarde moet verklaar dat die lisensie moet verval en nie hernu kan word nie, sou die lisensiehouer versuim om met die bedryf van 'n wedderybesigheid ingevolge sodanige lisensie te begin, binne 24 maande vanaf sodanige lisensie vir die eerste keer aan die lisensiehouer uitgereik is.

(7) Nieteenstaande subartikel (2), mag die verpligte voorwaarde bedoel in subartikel (6) nie deur die Raad gewysig word nie.".

Wysiging van artikel 32 van Wet 8 van 2010

10. Artikel 32 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

"(a) is 'n persoon wat –

(i) **['n persoon bedoel in artikel 8(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) is of aangekla is van enige besluitnemings- of krimineel afdwingbare funksie wat met dobbelary of die regulering daarvan verband hou;]** in diens is van –

(aa) 'n "staatsorgaan", soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

(bb) 'n "openbare entiteit" soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

(cc) 'n politieke party;

(dd) enige provinsiale Wetgewer; of

(ee) die Nasionale Wetgewer; en

(ii) 'n politieke ampsdraer is; of

(iii) 'n lid van 'n rekenpligtige owerheid van 'n openbare entiteit soos omskryf in artikel 1 en bedoel in artikel 49 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);".

Invoeging van artikel 32A in Wet 8 van 2010

11. Die volgende artikel word hiermee ingevoeg in die Hoofwet na artikel 32 –

"**Duur van werknemersregistrasie**

32A.(1) Hierdie artikel is van toepassing op alle natuurlike persone wat werknemers is van lisensiehouers of geregistreerdes en van wie vereis word om geregistreer te word by die Raad ingevolge enige bepaling van hierdie Wet of die Regulasies.

(2) 'n Werknemersregistrasiesertifikaat, tensy deur die Raad gekanselleer, is geldig vir 'n tydperk van minstens 36 maande vanaf die uitreikingsdatum.

(3) Na aanleiding van die 36 maande tydperk, bedoel in subartikel (2), is 'n registrasiesertifikaat geldig vir 'n verdere tydperk wat eindig op die laaste dag van die

geregistreerde werknemer se geboortemaand, wat volg op die volgende herdenking van die geregistreerde werknemer se verjaarsdag, tensy dit hernu word ingevolge subartikel (4).

(4) Aansoek om die hernuwing van 'n registrasiesertifikaat wat uitgereik is aan 'n werknemer ingevolge hierdie Wet moet gemaak word op die voorgeskrewe wyse van die Raad en moet vergesel gaan van die tersaaklike fooi gespesifiseer in Bylae 2.".

Wysiging van artikel 40 van Wet 8 van 2010

12. Artikel 40 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subparagraaf (ii) van paragraaf (g) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf:

"(ii) nie in alle belangrike aspekte voldoen aan **['n nasionale norm of standaard]** 'n toepaslike verpligte spesifikasie of aan 'n norm of standaard wat deur die Raad bepaal word nie; of."

Wysiging van artikel 43 van Wet 8 van 2010

13. Artikel 43 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) 'n Lisensiehouer of 'n geregistreerde wat nie 'n werknemer van 'n lisensiehouer of geregistreerde is nie,kan te eniger tyd by die Raad aansoek doen om **[sy of haar]** sodanige lisensie of registrasiesertifikaat na iemand anders te laat oordra en in so 'n geval is die bepalings van artikels 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37 en 38 met die nodige veranderinge van toepassing."; en

(b) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

"(3) Indien 'n aansoek toegestaan word, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte **[die naam van die lisensiehouer toepaslik op die lisensie laat verander]** 'n lisensie of registrasiesertifikaat uitreik, na gelang van die geval, aan die nuwe lisensiehouer van sodanige lisensie of registrasiesertifikaat.".

Invoeging van artikel 43A in Wet 8 van 2010

14. Die volgende artikel word hiermee ingevoeg in die Hoofwet na artikel 43 –

"**Finansiële belange**

43A.(1) Die Raad moet, van tyd tot tyd en stelselmatig, verseker dat persone wat 'n finansiële belang in 'n lisensiehouer of geregistreerde bekom nie onbevoeg verklaar

word om sodanige belang te hou nie, uit hoofde van artikel 32 van hierdie Wet.

(2) 'n Lisensiehouer of geregistreerde begaan 'n misdryf wanneer daar versuim word om die besonderhede van enige verkryging van 'n finansiële belang van vyf persent of meer in sodanige lisensiehouer of geregistreerde deur enige persoon aan die Raad bekend te maak, sodra 30 dae verloop het sedert die lisensiehouer of geregistreerde bevestig het dat sodanige verkryging plaasgevind het, of daar redelikerwys verwag sou word dat sodanige verkryging bevestig sou word: Met dien verstande dat van 'n openbare maatskappy vereis word, nadat sekuriteite wat op enige beurs verhandel word op die noteringslys geplaas is, om binne slegs elke ses maande, wat volg op die uitreiking van die lisensie of registrasiesertifikaat, te bevestig dat sodanige verkryging plaasvind het, en verslag lewer op, sodanige verkryging.

(3) Waar 'n lisensiehouer of geregistreerde 'n openbare maatskappy is en sekuriteite, wat op enige beurs verhandel word, op die noteringslys geplaas het, bybehorend tot die kennisgewing bedoel in subartikel (2), moet sodanige lisensiehouer of geregistreerde tegelykertyd 'n opgedateerde sekuriteiteregister aan die Raad voorlê.

(4) Daar word van die verkryger van enige finansiële belang in 'n lisensiehouer of geregistreerde, of in 'n beheermaatskappy van sodanige lisensiehouer of geregistreerde, vereis word om die besonderhede van sodanige verkryging aan die Raad bekend te maak binne 60 dae nadat sodanige verkryging plaasgevind het en op die voorgeskrewe wyse van die Raad.

(5) Die verkryger van 'n finansiële belang van vyf persent of meer in 'n lisensiehouer of geregistreerde van die besigheid waarop die lisensie of registrasie betrekking het, moet aansoek doen om magtiging ten einde sodanige finansiële belang te behou deur die prosedures en vereistes, bedoel in artikels 32, 33, 34, 35, 36, 37 en 38, te volg wat van toepassing sal wees op die aansoek, met die nodige veranderinge.

(6) Wanneer die Raad vermoed, op redelike en objektiewe gronde, dat 'n verkryger van 'n finansiële belang van minder as vyf persent in 'n lisensiehouer of geregistreerde van die besigheid waarop die lisensie of registrasie betrekking het, kan die verkryger ingevolge artikel 32 onbevoeg verklaar word om sodanige finansiële belang te behou en die Raad kan van sodanige verkryger vereis om aansoek te doen om magtiging ten einde sodanige finansiële belang te behou deur die prosedures en vereistes, bedoel in artikels 32, 33, 34, 35, 36, 37 en 38, te volg wat van toepassing sal wees op die

aansoek, met die nodige veranderinge.

(7) Die beheermaatskappy van enige filiaal wat gelisensieerd of geregistreer is kragtens hierdie Wet word verplig deur die vereistes van subartikels (2) en (3) asof sodanige beheermaatskappy op sigself gelisensieer of geregistreer is kragtens hierdie Wet en enige sodanige beheermaatskappy wat versuim om aan hierdie bepalings te voldoen is skuldig aan 'n misdryf: Met dien verstande dat die Raad nie 'n lisensie of registrasie moet uitreik aan 'n volle filiaal of 'n ander regspersoon nie.

(8) 'n Volle filiaal of ander regspersoon, wat op die datum waarop hierdie artikel gepromulgeer is, is steeds gelisensieer of geregistreer kragtens hierdie Wet, en moet ingevolge artikel 43 van hierdie Wet aansoek doen by die Raad om magtiging vir die oordrag van sodanige lisensie of registrasiesertifikaat aan sy beheermaatskappy, nie later nie as 120 dae na promulgering van hierdie artikel. Versuim daarvan sal lei tot die verval van sodanige lisensie of registrasiesertifikaat.

(9) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken –

""**aandelebeurs**", wanneer gebruik as 'n selfstandige naamwoord, aandelebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012);

"**beheermaatskappy**" beheermaatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

"**filiaal**" filiaal soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

"**genoteerde sekuriteite**" sekuriteite op die noteerlys geplaas, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012);

"**openbare maatskappy**" openbare maatskappy soos bedoel in artikel 8 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

"**sekuriteite**" sekuriteite soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (Wet No. 19 van 2012);

"**sekuriteiteregister**" 'n sekuriteiteregister soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);

"**volle filiaal of ander regspersoon**" dra die betekenis bedoel in artikel 3(1)(b) van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);".

Wysiging van artikel 44 van Wet 8 van 2010

15. Artikel 44 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) 'n Lisensiehouer, of geregistreerde wat nie 'n werknemer van 'n lisensiehouer of geregistreerde is nie, kan te eniger tyd aansoek doen om goedkeuring vir die hervestiging **[verskuiwing]**, hetsy permanent of tydelik, van **[sy of haar]** die [besigheid]sakebedrywighede van sodanige lisensiehouer of geregistreerde, van die perseel wat in die lisensie of registrasiesertifikaat vermeld word, na 'n ander perseel."; en

(b) deur die invoeging na subartikel (3) van die volgende nuwe subartikels:

"(4) Die Raad moet prosedures voorskryf wat gevolg moet word by die aansoek doen om goedkeuring, soos bedoel in subartikel (1).

(5) 'n Aansoek, soos bedoel in subartikel (1), moet vergesel gaan van die voorgeskrewe fooi in Bylae 2.".

Wysiging van artikel 47 van Wet 8 van 2010

16. Artikel 47 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:

"(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, wanneer 'n opdrag uitgereik word ingevolge subartikel (1), dit doen in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad en na oorlegpleging met die Raad **[, die Portefeuljekomitee en enige portefeuljekomitee wat deur die Provinsiale Wetgewer aangestel is wat verantwoordelik is vir toesig oor departemente wat aangeleenthede administreer wat toerisme en ekonomiese aangeleenthede behels]**."; en

(b) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

"(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad en na oorlegpleging met die Raad **[, die portefeuljekomitees vermeld in subartikel (2)]** en enige houer van 'n casinolisensie uitgereik ingevolge artikel 51, wat geraak sal word deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad se besluit ingevolge hierdie

subartikel, 'n opdrag wat ingevolge hierdie artikel uitgereik word, wysig of herroep.".

Wysiging van artikel 53 van Wet 8 van 2010

17. Artikel 53 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die skrapping van subartikels (4) en (5).

Herroeping van artikel 54 van Wet 8 van 2010

18. Artikel 54 van die Hoofwet word hiermee geskrap.

Wysiging van artikel 55 van Wet 8 van 2010

19. Artikel 55 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) Geen persoon mag 'n perseel in stand hou waar casinodobbelmasjiene, elektroniese bingoterminale of beperkte uitbetaalmasjienegespeel word nie, tensy **[hy of sy]**sodanige persoon in besit is van 'n toepaslike geldige **[casino]** lisensie, **[bingolisensie, onafhanklike perseeloperateurslisensie of 'n perseeloperateurslisensie]** uitgereik ingevolge hierdie Wet."; en

(b) deur die vervanging van subartikel 2 deur die volgende subartikel:

"(2) Geen persoon mag **[**–

(a) casinodobbelmasjiene of beperkte uitbetaalmasjiene beskikbaar stel vir gebruik in enige gelisensieerde perseel nie;

(b) die gereelde instandhouding of die herstel, vervanging of opknapping van 'n casinodobbelmasjien of beperkte uitbetaalmasjiene in sodanige perseel onderneem nie;en] die regte uitoefen van, of **[(c)]** enige **[ander]** voorgeskrewe aktiwiteite van 'n **[roete-operateur bedryf nie, tensy hy of sy in besit is van 'n casinolisensie, roete-operateurslisensie, perseeloperateurslisensie of onafhanklike perseeloperateurslisensie]** lisensiehouer bedryf nie, tensy sodanige persoon in besit is van 'n toepaslike lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet.".

Wysiging van artikel 57 van Wet 8 van 2010

20. Artikel 57 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die skrapping van subartikels (4) en (5).

Wysiging van artikel 59 van Wet 8 van 2010

21. Artikel 59 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (a) deur die volgende paragraaf:

"(a) van 'n tipe en model is wat nie voldoen aan **['n nasionale norm of standaard]** 'n toepaslike verpligte spesifikasie nie of, indien daar geen **[nasionale norm of standaard]**toepaslike verpligte spesifikasie is nie, **[nie voldoen aan]** 'n norm **[en]** of standaard wat deur die Raad in sy reëls bepaal is;".

Wysiging van artikel 62 van Wet 8 van 2010

22. Artikel 62 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf:

"(d) **[standaarde en]** vereistes met betrekking tot die casinodobbeltoerusting wat in 'n bingosaal geplaas, gebruik en bedryf word;"; en

(b) deur die skrapping van subartikels (4) en (5).".

Wysiging van artikel 69 van Wet 8 van 2010

23. Artikel 69 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die invoeging van die woord "of" na paragraaf (d); en

(b) deur die invoeging na paragraaf (d) van die volgende nuwe paragraaf:

"(e) die hernuwing van registrasie word betaalbaar ingevolge artikel 32A.".

Wysiging van artikel 73 van Wet 8 van 2010

24. Artikel 73 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (b) deur die volgende paragraaf:

"(b) alle regstreekse uitgawes betaal wat die Raad aangegaan het ten opsigte van enige ondersoeke wat hy ingevolge artikel 35 en artikel 37, ingesluit die kostes aangegaan ten opsigte van die tyd gespandeer deur werknemers van die Raad terwyl ondersoek ingestel word waar die kostes verskyn as 'n tarief in Bylae 2, onderneem het: Met dien verstande dat die Raad 'n aansoeker kan aansê om sodanige sekuriteit

by hom te deponeer wat hy bepaal voordat enige ondersoek bedoel in voornoemde artikel onderneem word.".

Wysiging van artikel 77 van Wet 8 van 2010

25. Artikel 77 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) Alle persone wat gelisensieer is ingevolge hierdie Wet moet **[, kragtens artikel 129,]** die belasting aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal wat opgelê is ingevolge die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelary en Weddery, 2010 (Wet No. 9 van 2010)**[.]** ,op die voorgeskrewe wyse en, terselfdertyd, 'n belastingopgawe indien by beide die Raad en die Provinsiale Tesourie, op die voorgeskrewe wyse."; en

(b) deur die invoeging na subartikel (2) van die volgende nuwe subartikels:

"(3) Die Provinsiale Tesourie moet enige vereiste verspreiding van 'n gedeelte van die belasting ontvang teweegbring, soos voorgeskryf deur die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelary en Weddery, 2010 (Wet No. 9 van 2010), nie later nie as 20 dae na die einde van elke kalendermaand.

(4) Die Raad moet die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, op die voorgeskrewe wyse, voorsien van 'n breedvoerige verslag insake die belasting ontvang en versprei deur die Provinsiale Tesourie, nie later nie as 25 dae na die einde van elke kalendermaand.".

(5) Belasting word betaalbaar aan die einde van elke belastingtydperk en elke lisensiehouer moet belasting wat verskuldig is betaal, nie later nie as 'n tydperk van hoogstens 10 dae nie, na die einde van elke belastingtydperk.

(6) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken "belastingtydperk" 'n kalendermaand.".

Wysiging van artikel 78 van Wet 8 van 2010

26. Artikel 78 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van artikel 78 deur die volgende subartikels:

"**Straf vir laat betaling**

78.(1) By versuim om enige geld, belasting of heffing of deel daarvan op die vervaldatum te betaal, word die lisensie van die betrokke persoon geag onmiddellik

opgeskort te wees totdat die geld, belasting of heffing betaal word, tesame met die voorgeskrewe boeterente.

(2) Indien 'n lisensie ingevolge hierdie artikel opgeskort word, word die aktiwiteit wat deur die lisensie gemagtig word, **[ook opgeskort]**gestaak: Met dien verstande dat staking van die vermelde aktiwiteit slegs deur die Raad afdwingbaar is 24 uur nadat 'n lisensiehouer of geregistreerde skriftelik deur die Raad in kennis gestel is van die versuim om te betaal en sodanige lisensiehouer of geregistreerde het, daarna, versuim om die fooi, belasting of heffing te betaal, tesame met die voorgeskrewe boeterente, voor die verstryking van die 24-uur tydperk.

(3) Die voorgeskrewe renteboete moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.".

Wysiging van artikel 89 van Wet 8 van 2010

27. Artikel 89 van die Hoofwet word hiermee geskrap en vervang met die volgende artikel –

"**Renbaanoperateurslisensie**

89.(1) 'n Korporatiewe liggaam kan by die Raad op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om die uitreiking van een of meer van die volgende tipes renbaanoperateurslisensies –

(a) 'n eksklusiewe reg-renbaanoperateurslisensie, wat die houer van sodanige lisensie magtig om wedrenbyeenkomste vir volbloedperde op een of meer renbane, gespesifiseer in die lisensie, te hou en om 'n totalisatorlisensie te verkry wat, beurtelings, die totalisatorlisensiehouer magtig om 'n totalisator op 'n volbloedperdewedren by 'n sportgebeurtenis of by 'n ander goedgekeurde gebeurtenis of gebeurlikheid te bedryf;

(b) 'n standaardgeteelde renbaanoperateurslisensie, wat die houer van sodanige lisensie magtig om standaardgeteelde perdewedrenbyeenkomste op een of meer bane gespesifiseer in die lisensie te hou en om 'n totalisatorlisensie te verkry wat, beurtelings, die totalisatorlisensiehouer magtig om 'n totalisator op slegs 'n standaardgeteelde perdewedren te bedryf; of

(c) 'n tuigwedren-perderenbaanoperateurslisensie, wat die houer van sodanige lisensie magtig om tuigwedren-perdewedrenbyeenkomste op een of meer bane, gespesifiseer in die lisensie, te hou en om 'n totalisatorlisensie te verkry wat, beurtelings, die totalisatorlisensiehouer magtig om 'n totalisator op slegs 'n tuigwedren-perdewedren te bedryf.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet opdragte uitreik aan die Raad met betrekking tot –

(a) 'n enkel eksklusiewe reg renbaanoperateurslisensie om uitgereik te word in die Provinsie;
(b) die tydperk van geldigheid vir sodanige lisensie wat minstens 15 jaar moet duur;
(c) die beskerming van die bestaande perdewedren-infrastruktuur in die Provinsie; en
(d) die voorwaardes waarop sodanige lisensie uitgereik sal word ingesluit, onder andere, die fooi ten opsigte van 'n eksklusiewe reg renbaanoperateurslisensie, vereistes vir die ontwikkeling of instandhouding van perdewedren-infrastruktuur of korporatiewe sosiale beleggingsprojekte.

(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, wanneer 'n opdrag uitgereik word ingevolge subartikel (2), so doen in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad en na oorlegpleging met die Raad.

(4) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad en na oorlegpleging met die Raad en die eksklusiewe reg renbaan-operateurslisensiehouer, enige opdrag wat uitgereik is ingevolge subartikel (2) wysig of terugtrek.
(5) Subartikels (1), (2), (3) en (4) van hierdie artikel sal in werking tree op 'n dag bepaal deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad en gepubliseer word by wyse van 'n Kennisgewing in die *Koerant*.

(6) Alle houers van 'n renbaanoperateurslisensie wat uitgereik is voor die inwerkingtreding van hierdie artikel moet, nie later as ses maande na die datum van inwerkingtreding bedoel in subartikel (5) nie, aansoek doen om 'n lisensie soos bedoel in subartikel (1).

(7) Die lisensies van alle renbaanoperateurslisensiehouers wat uitgereik is voor die inwerkingtreding van hierdie artikel bly geldig tot óf die dag waarop die Raad sy finale beslissing gemaak het oor 'n aansoek gedoen ingevolge subartikel (1), òf die tydperk bedoel in subartikel (6) het verval voor die betrokke lisensiehouer aansoek gedoen het, soos bedoel in subartikel (1), watter datum ook al die vroegste is.

(8) 'n Aansoek bedoel in subartikel (1) moet vergesel gaan van 'n aansoeker se akte van oprigting of samewerkingsooreenkoms, asook die fooie soos voorgeskryf in Bylae 2 wat betaalbaar is aan die Raad.

(9) 'n Renbaanoperateurslisensie moet nie uitgereik word nie –

(a) tensy die Raad tevrede is dat behoorlike voorsiening gemaak sal word vir die gedrag en beheer van perdewedrenne en weddery op die vermelde renbaan of renbane op 'n wyse wat die verwesenliking van die oogmerke van die Raad, bedoel in artikel 6(1)(a), (c), (d), (e) en (f), sal fasiliteer; en

(b) indien, behoudens artikel 133, enige direkteur, lid of aandeelhouer met 'n belang, ingesluit 'n finansiële belang, van vyf persent of meer in die korporatiewe liggaam is, of word, onderwerp aan 'n onbevoegdheid soos bedoel in artikel 32.

(10) 'n Lisensie uitgereik ingevolge subartikel (1) moet, as 'n minimum vereiste –

(a) die identiteit van die lisensiehouer;

(b) die perdewedrenaktiwiteite waarby die lisensiehouer betrokke kan wees, kan bedryf of aan die publiek beskikbaar kan stel, soos toegelaat deur die lisensie;

(c) die renbane waar, of vanwaar, die lisensiehouer toegelaat word om in bedryf te wees; en

(d) die duur van die lisensie,

spesifiseer.

(11) 'n Renbaanoperateur moet, binne drie maande nadat 'n renbaanoperateurslisensie aan hom of haar uitgereik is, die reëls ingevolge waarvan sodanige renbaanoperateur van voorneme is om perdewedrenne te bedryf, voorlê aan die Raad vir goedkeuring en moet verder enige voorgenome wysigings aan bestaande goedgekeurde reëls aan die Raad voorlê vir goedkeuring voor die implementering van sodanige voorgenome wysigings.

(12) Die Raad kan 'n renbaanoperateurslisensie kanselleer of opskort vir 'n bepaalde tydperk indien enige ampsdraers of werknemers van die operateur, op redelike gronde, verdink word daarvan dat hulle hierdie Wet, die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelary en Weddery, 2010 (Wet No. 9 van 2010), die Regulasies of die voorwaardes van sodanige lisensie oortree het.

(13) Die Raad kan 'n nie-oordraagbare reg aan 'n beroepswedder toestaan vir die bedryf van 'n beroepsweddery vanaf enige enkel renbaan gespesifiseer in 'n renbaanoperateurslisensie, onderworpe aan die toesteming van die betrokke renbaanoperateur. Die toestemming mag nie op 'n onredelike wyse weerhou word nie.

(14) 'n Renbaanoperateur moet jaarliks, en nie later nie as ses maande na die einde van die finansiële jaar, 'n afskrif van die geouditeerde finansiële verslae van sodanige renbaanoperateur, ten opsigte van die aktiwiteite van sodanige renbaanoperateur vir die tersaaklike finansiële jaar, aan die Raad voorlê. Die verslae moet geouditeerde finansiële verslae en verspreidings, soos verwys na in artikel 132(b), afsonderlik geïdentifiseer, tesame met die uitgawes wat betrekking het daarop, insluit: Met dien verstande dat die Raad, by aansoek daarvoor deur die renbaanoperateur, die tydperk kan verleng vir nie meer as ses maande nie.

Herroeping van artikel 90 van Wet 8 van 2010

28. Artikel 90 van die Hoofwet word hiermee herroep.

Wysiging van artikel 91 van Wet 8 van 2010

29. Artikel 91 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) Tensy dit ingevolge subartikel (2) hernuwe word, verstryk die lisensie wat ingevolge artikel 89(1) uitgereik is, op die een-en-dertigste dag van **[Desember]** Maart van die finansiële jaar van die Raad ten opsigte waarvan **[dit]** sodanige lisensie uitgereik of hernuwe is: Met dien verstande dat, vir die doeleindes van hierdie artikel, die finansiële jaar van die Raad duur vir die tydperk van 1 April tot 31 Maart.".

Wysiging van artikel 94 van Wet 8 van 2010

30. Artikel 94 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (4) deur die volgende subartikel:

"(4) 'n Beroepswedderslisensie kan uitgereik word aan 'n enkel natuurlike persoon, aan twee of meer natuurlike persone wat die besigheid bedryf ingevolge 'n vennootskapsooreenkoms, of 'n enkel korporatiewe liggaam."; en

(b) deur die vervanging van subartikel (7) deur die volgende subartikel:

"(7) Tensy dit vroeër ingevolge artikel 99 gekanselleer is, verstryk 'n beroepswedderslisensie op die een-en-dertigste dag van **[Desember]**Maart van die finansiële jaar van die Raadten opsigte**[waarvoor]**waarvan**[dit]**sodanige lisensie uitgereik of hernu is, **[maar kan van jaar tot jaar na goeddunke van die Raad op die voorgeskrewe wyse hernuwe worden]** by betaling van die lisensiegeld soos voorgeskryf in bylae 2**[.]**: Met dien verstande dat, vir die doeleindes van hierdie artikel, die finansiële jaar van die Raad duur vir die tydperk van 1 April tot 31 Maart.".

Herroeping van artikel 97 van Wet 8 van 2010

31. Artikel 97 van die Hoofwet word hiermee herroep.

Herroeping van artikel 98 van Wet 8 van 2010

32. Artikel 98 van die Hoofwet word hiermee herroep.

Herroeping van artikel 106 van Wet 8 van 2010

33. Artikel 106 van die Hoofwet word hiermee herroep.

Wysiging van artikel 110 van Wet 8 van 2010

34. Artikel 110 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) Die Raad kan by aansoek en op die wyse wat hy bepaal, 'n lisensie uitreik, met of sonder voorwaardes, aan –

(a) 'n eksklusiewe reg renbaanoperateur, soos bedoel in artikel 89(1)(a) van die Wet, om 'n totalisator op 'n volbloedperdewedren, 'n sportgebeurtenis of 'n ander gebeurtenis of gebeurlikheid te bedryf; en

(b) 'n **[ander persoon as 'n]** standaardgeteelde renbaanoperateur soos bedoel in artikel 89(1)(a) van die Wet om 'n totalisator op **['n sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid]** slegs 'n standaardgeteelde perdewedren te bedryf **[, welke lisensie voorwaardelik of onvoorwaardelik uitgereik kan word.]**; en

(c) a tuigwedren-renbaanoperateur, soos bedoel in artikel 89(1)(c) van die Wet, om 'n totalisator op slegs 'n tuigwedren-perdewedren te bedryf."; en

(b) deur die vervanging van subartikel (4) deur die volgende subartikel:

"(4) Tensy dit ingevolge artikel 112 vroeër gekanselleer is, verval 'n totalisatorlisensie op die een-en-dertigste dag van **[Desember]** Maart van die finansiële jaar van die Raadten opsigte waarvoor **[dit]** sodanige lisensie uitgereik of hernu is, maar **[kan op die voorgeskrewe wyse van jaar tot jaar na goeddunke van die Raad]** is hernubaar by aansoek op die voorgeskrewe wyse en by betaling van die **[totalisator]** lisensiegeld voorgeskryf in **[b]**Bylae 2 **[hernuweword]**.

Wysiging van artikel 111 van Wet 8 van 2010

35. Artikel 111 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die invoeging na subartikel (5) van die volgende nuwe subartikel:

"(6) Daar word van 'n persoon vereis om te registreer as 'n totalisatorbestuurder indien hy of sy –

(a) individueel, of as deel van 'n groep, bedryfsbeleide formuleer;

(b) regstreeks beheer uitoefen oor die aktiwiteite wat deur die totalisatorlisensie gemagtig is;

(c) voorgeskrewe belastingopgawes of verslae voorberei;

(d) die gesag het om krediet aan 'n wedder toe te staan; of

(e) die gesag het om dispute en klagtes van wedders te hanteer.".

Wysiging van artikel 119 van Wet 8 van 2010

36. Artikel 119 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van paragraaf (c) deur die volgende paragraaf:

"(c) op sodanige ander plek wat ingevolge artikel 121 gemagtig word.".

Wysiging van artikel 120 van Wet 8 van 2010

37. Artikel 120 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) 'n **[Lisensiehouer]**Persoon wat gelisensieerd is ingevolge artikel 94 of 110 moet die Raad se goedkeuring verkry vir alle gelisensiëerde persele **[wat gebruik gaan word vir die bedryf van 'n beroepswedderbesigheid, totalisator, totalisatortak of totalisatoragentskap, na gelang van die geval, welke goedkeuring met of sonder voorwaardes goedgestaan kan word]**.".

Wysiging van artikel 121 van Wet 8 van 2010

38. Artikel 121 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) 'n Persoon **[wat]** wat ingevolge artikel 94 of 110 gelisensieer is, kan by die Raad aansoek doen, op die wyse wat die Raad bepaal, om magtiging om tydelik wedtransaksies, vir 'n vasgestelde tyd, by enige plek aan te gaan **[te onderneem]**, bykomend tot die gelisensiëerde perseel, welke aansoek die Raad van die hand kan wys met of sonder voorwaardes kan toestaan.".

Wysiging van artikel 123 van Wet 8 van 2010

39. Artikel 123 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) 'n Persoon wat ingevolge artikel 94 of 110 gelisensieer is, mag nie, met die doel om weddenskappe en wedtransaksies op te teken, enige gerekenariseerde boekhoustelsel of enige verandering aan 'n goedgekeurde gerekenariseerde boekhoustelsel gebruik nie, tensy sodanige stelsel of verandering daaraan**[deur die Raad goedgekeur en deur die SABS gesertifiseer is.]**ooreenstem met 'n toepaslike verpligte spesifikasie en die Raad het sodanige gerekenariseerde boekhoustelsel, of wysiging daaraan, met 'n magtigingsbrief-sertifikaat, afsonderlik goedgekeur. Waar daar geen toepaslike verpligte spesifikasie is nie, moet sodanige boekhoustelsel ooreenstem met 'n norm of standaard vir gerekenariseerde boekhoustelsels, soos bepaal deur die Raad.";

(b) deur die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:

"(2) Enige persoon wat 'n gerekenariseerde boekhoustelsel **[of enige verandering aan 'n goedgekeurde gerekenariseerde boekhoustelsel]** wil ontwikkel, vervaardig of wysig, of aan 'n persoon wat ingevolge artikel 94 of 110 gelisensieer is, 'n gerekenariseerde boekhoustelsel wil verskaf, moet by die Raad op die wyse deur die Raad voorgeskryf, aansoek doen om goedkeuring en registrasie van sodanige stelsel of verandering daaraan, en sodanige aansoek moet vergesel gaan van die betrokke aansoek- en ondersoekgeld wat in **[b]**Bylae 2 voorgeskryf word, welke gelde aan die Raad betaalbaar is.";

(c) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

"(3) Die Raad kan –

(a) 'n gerekenariseerde boekhoustelsel of verandering daaraan voorwaardelik of onvoorwaardelik goedkeur of **[dit]**verwerp; of

(b) 'n aansoek na die vervaardiger of verskaffer daarvan terugverwys vir die indiening van verdere inligting.";

(d) deur die vervanging van subartikel (4) deur die volgende subartikel:

"(4) Die Raad kan vereis dat 'n persoon wat gelisensieer is kragtens artikel 94 of 110 elektroniese kommunikasie daarstel tussen sodanige moniteringstelsel **[as wat]**soos die Raad kan bepaal, en die goedgekeurde gerekenariseerde boekhoustelsel wat gebruik word deur sodanige persoon.**[moet koppel]**"; en

(e) deur die invoeging na subartikel (4) van die volgende subartikels:

"(5) Die Raad moet 'n opgedateerde register byhou wat toeganklik moet wees, deur elektroniesie middele, vir elke houer van 'n beroepswedderslisensie.

(6) Die register bedoel in subartikel (5) moet, ten opsigte van elke gerekenariseerde boekhoustelsel goedgekeur deur die Raad –

(a) die identifikasienommer van die teenswoordige goedgekeurde weergawe; en

(b) die datum van goedkeuring van sodanige weergawe,

spesifiseer.".

Wysiging van artikel 124 van Wet 8 van 2010

40. Artikel 124 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van artikel 124 deur die volgende artikel:

"**Weddenskappe met beroepswedder, bestuurder en totalisator**

124. Enige persoon, behalwe 'n persoon wat as 'n inspekteur kragtens artikel 81 aangestel is of 'n lid of werknemer van die Raad, wat 18 jaar of ouer is, kan weddenskappe met 'n beroepswedder, bestuurder, totalisatorlisensiehouer, totalisatoroperateur, totalisatorbestuurder of totalisatoragent aangaan op enige perdewedren, sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid: Met dien verstande dat sodanige weddenskappe ingevolge hierdie Wet aangegaan word en met dien verstande verder dat ongeag die ligging van die wedder wanneer die wed aangegaan word, die wed beskou word as aangegaan op die gelisensieerde perseel van die tersaaklike beroepswedder, bestuurder, totalisatorlisensiehouer, totalisatoroperateur, totalisatorbestuurder of totalisatoragent.".

Wysiging van artikel 125 van Wet 8 van 2010

41. Artikel 125 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van artikel 125 deur die volgende artikel:

"**Middellike verantwoordelikheid**

125. 'n Totalisatorlisensiehouer of beroepswedder, met betrekking tot die aktiwiteite gemagtig deur die betrokke lisensie, is middellik verantwoordelik vir die doen en late van die werknemers van sodanige totalisatorlisensiehouer of beroepswedder.".

Wysiging van artikel 128 van Wet 8 van 2010

42. Artikel 128 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) 'n Beroepsweddersonderneming moet van die bedrag wat 'n wedder wen,

uitgesonderd die bedrag wat deur die wedder gewaag is, die belasting en aftrekkings soos bepaal in die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelary en Weddery, 2010, (Wet No. 9 van 2010), aftrek en sodanige gelde **[aan]** in die **[Raad]** Provinsiale Inkomstefonds, ooreenkomstig die bepalings van artikel **[129]**77,inbetaal.".

Wysiging van artikel 129 van Wet 8 van 2010

43. Artikel 129 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

"(1) Elke beroepswedder moet binne 10 dae na die einde van elke maand –

(a) alle gelde wat ingevolge artikel 128(1) van wedders afgetrek is, **[asook]** sowel as die belasting op weddery en aftrekkings soos bepaal ingevolge die KwaZulu-Natal Belastingswet op Dobbelary en Weddery, 2010, **[aan]** in die **[Raad]** Provinsiale Inkomstefonds inbetaal; en

(b) **[by]** die **[Raad]** die belastingopgawes indien, in ooreenstemming met artikel 77 in die vorm wat ingevolge artikel 7(2)(k) bepaal word.; en

(b) deur die skrapping van subartikel (3).".

Wysiging van artikel 131 van Wet 8 van 2010

44. Artikel 131 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging vir artikel 131 deur die volgende artikel:

"**Totalisatoroperateur se opgawes en betaling van belasting en aftrekkings**

131. Elke totalisatorlisensiehouer moet **[binne 10 dae na die einde van elke maandby die Raad]** 'n belastingopgawe, in ooreenstemming met artikel 77, in die vorm wat ingevolge artikel 7(2)(k) voorgeskryf word, indien en moet terselfdertyd **[aan]**in die **[Raad]**Provinsiale Inkomstefonds, **[op die wyse wat deur die Raad voorgeskryf of bepaal word,]** die betrokke aftrekkings volgens die inligting vervat in die betrokke belastingopgawe, inbetaal.".

Herroeping van artikel 132 van Wet 8 van 2010

45. Artikel 132 van die Hoofwet word hiermee herroep.

Wysiging van artikel 134 van Wet 8 van 2010

46. Artikel 134 van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die vervanging van artikel 134

deur die volgende artikel:

"**Koste van ondersoek**

134. Indien die Raad 'n ondersoek onderneem om die geskiktheid te bepaal van 'n ondersoeker met betrekking tot die toestaan van enige lisensie, registrasie of magtiging wat kragtens hoofstuk 13, 14, 15 of 16 vereis word, of vir die goedkeuring van 'n gerekenariseerde boekhoustelsel, moet die Raad die aansoeker aansê om aan die Raad die bedrag te betaal wat deur die Raad bereken word vir die **[werklike]** koste vir die Raad ten opsigte van sodanige ondersoek **[is]**, ingesluit die kostes wat aangegaan word ten opsigte van tyd wat deur werknemers van die Raad gespandeer word tydens die uitvoer van die ondersoek waar dit voorkom as 'n tarief in Bylae 2.".

Wysiging van artikel 137 van Wet 8 van 2010

47. Artikel 137 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds] Transformasiefonds

"**137.**(1) Daar word hierby 'n fonds, wat as die **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]**Transformasiefonds bekend sal staan, ingestel.";

(b) deur die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:

"(2) Enige fondse wat bestem is vir die ontwikkeling van sport en wat in trust gehou word deur die komitee bedoel in artikel 21A van die Ordonnansie op die Regulering van Wedrenne en Weddery, 1957 (Ordonnansie No. 28 van 1957), moet op die dag waarop hierdie Wet in werking tree, in die **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]**Transformasiefonds, wat kragtens hierdie artikel ingestel word, gestort word.";

(c) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

"(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan uit gelde wat deur die Provinsiale Wetgewer vir hierdie doel bewillig word en behoudens sodanige voorwaardes wat hy of sy oplê, toekennings aan die **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]**Transformasiefonds doen.";

(d) deur die vervanging van subartikel (4) deur die volgende subartikel:

"(4) Die bates van die **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]** Transformasiefonds moet, behoudens die voorafgaande goedkeuring van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, gebruik word vir die doeleindes van die verwesenliking van die oogmerke van die Raad bedoel in artikel 6(1)(c), (d) en (e).";

(e) deur die vervanging van subartikel (5) deur die volgende subartikel:

"(5) Die Raad moet 'n afsonderlike bank- of spaarrekening by 'n bankinstelling of bouvereniging in KwaZulu-Natal open en in stand hou en alle gelde wat aan die **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]**Transformasiefonds uit enige bron toeval, daarin deponeer.";

(f) deur die vervanging van subartikel (6) deur die volgende subartikel:

"(6) Die rente op gelde wat ingevolge subartikel (3) en (4) gedeponeer word, val aan die **[Perdewedren- en Weddenskaptransfonds]**Transformasiefonds toe.";

(g) deur die vervanging van subartikel (7) deur die volgende subartikel:

"(7) Die Raad moet afsonderlike en behoorlike rekenkundige rekords hou ten opsigte van **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]** Transformasiefonds wat besonderhede bevat van enige gelde of rente op gelde ontvang en enige gelde betaal.";

(h) deur die vervanging van subartikel (8) deur die volgende subartikel:

"(8) Geen bedrag wat tot die krediet van die **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]**Transformasiefonds staan, mag beskou word as 'n deel uit te maak van die bates van die Raad nie en mag ook nie namens 'n krediteur of krediteure van die Raad beslag op gelê word nie."; en

(i) deur die vervanging van subartikel (9) deur die volgende subartikel:

"(9) Die rekenkundige en ander verbandhoudende rekords van die **[Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds]** Transformasiefonds moet op koste van die Raad deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.".

Wysiging van artikel 146 van Wet 8 van 2010

48. Artikel 146 van die Hoofwet word hiermee gewysig –

(a) deur die vervanging van paragraaf (s) deur die volgende paragraaf:

"(s) die regulering van en beheer oor vermaaklikheidsmasjiene, soos bedoel in die **[op]** Nasionale Dobbelwet; **[en]**";

(b) deur die vervanging van paragraaf (t) deur die volgende paragraaf:

"(t) enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die verwesenliking van die oogmerke en doelwitte van die KwaZulu-Natal Belastingwet op Dobbelary en Weddery, 2010 (Wet No. 9 van 2010) **[.]**;"; en

(c) deur die invoeging na paragraaf (t) van die volgende paragraaf:

"(u) die maksimum getal van enige lisensietipe wat deur die Raad uitgereik kan word; en

(v) beperkings op die nabyheid van enige tipe dobbelary en weddery afsetpunt

aan enige ander tipe dobbelary en weddery afsetpunt.".

Kort titel

49. Hierdie Wet word die KwaZulu-Natal Wysigingswet op Dobbelary en Weddery, 2015, genoem.

MEMORANDUM
OOR DIE OOGMERKE
VAN DIE
KWAZULU-NATAL WYSIGINGSWETSONTWERP OP DOBBELARY EN WEDDERY, 2015

1. AGTERGROND

Die hoofmotivering vir wysiging van die onlangs gepromulgeerde KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, 2010 (Wet No. 8 van 2010) (hierna verwys na as "die Wet"), is om die gedeeltes van die Wet, wat die spilpunt is van huidige regsgedinge, reg te stel of te versterk, of ten opsigte waarvan die bedreiging van regsgedinge bestaan. Die hoofbedreigings spruit voort uit die bingobepalings in die Wet en uit teenstrydige interpretasies van die bepalings van die Wet wat handel oor die verkryging van 'n finansiële belang in 'n dobbellisensiehouer.

Daar is verskeie ander voorgestelde wysigings met betrekking tot nóg die verkryging van 'n belang in 'n lisensiehouer nóg bingo wat, nietemin, ook in die Wetsontwerp vervat is. 'n Beduidende proporsie van hierdie voorstelle spruit voort uit die KwaZulu-Natal Dobbelary en Wedderyraad (hierna verwys na as "die Raad"), talle met hul oorsprong in die Hoofdirektoraat: Dobbelary en Weddery, en steeds word ander versoek deur die dobbelarybedryf en deur die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Finansies.

2. KLOUSULE VIR KLOUSULE VERDUIDELIKING

Ter opsomming, maak die Wysigingswetsontwerp voorsiening soos volg –

Klousule 1: Wysiging van artikel 1 van die Hoofwet

Wysigings aan die omskrywing van "bingo" en aan ander bingo-verwante omskrywings word voorgestel. Die doel is om die bingobepalings te versterk teen die bedreiging van

regsgedinge ingestel teen die bingobedryf (en teen die Raad en die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad).

Die omskrywing van "Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds" word geskrap en 'n nuwe omskrywing van "Transformasiefonds" word ingevoeg. Hierdie wysigings is gekoppel aan die wysigings gemaak aan artikel 137 wat teenswoordig handel oor die "Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds".

'n Aantal nuwe omskrywings is ingevoeg ten einde die bepalings van die Wet, ten opsigte van die stelsel van verpligte standaarde (SABS standaarde) van toepassing te maak op dobbeltoerusting, te harmoniseer met Nasionale wetgewing wat handel oor verpligte standaarde (die Wet op Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008)).

'n Aantal omskrywings wat impliseer dat die "persoon" waarna verwys word slegs 'n "natuurlike persoon" is, is gewysig ten einde dit duidelik te maak dat daar na beide regs- en natuurlike persone verwys word deur die gebruik van die woord "persoon".

As gevolg van die feit dat ander vorms van perdewedrenne (soos tuigwedrenne) besig is om gevestig te raak in die Provinsie, moet omskrywings gewysig en/of bygevoeg word ten einde onderskeid te tref tussen volbloedperdewedrenne, standaardgeteelde perdewedrenne en tuigwedrenne.

Eweneens is wysiging gemaak aan die omskrywing van "renbaanoperateur" ten einde onderskeid te bewerkstellig tussen –

(a) die operateur van 'n eksklusiewe reg-renbaan;
(b) die operateur van 'n standaardgeteelde renbaan; en
(c) die operateur van 'n tuigwedrenbaan.

Dit is beurtelings gekoppel aan die tipe totalisatorlisensie wat elke tipe renbaanoperateur kan hou.

Die omskrywing "totalisatoragent" is gewysig en die omskrywing van "totalisatoragentskap" bygevoeg met die verbetering van die duidelikheid van die bepalings in die Wet, wat poog om totalisators te reguleer, ten doel.

Klousule 2: Wysiging van artikel 6 van die Hoofwet

Klousule 2 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 6 van die Hoofwet ten einde die impak op, en die toepassing van, slegs die artikel oor die perdewedren- en wedderybedryf te verander na 'n breër impak op, en toepassing van, die artikel oor die dobbelarybedryf van die Provinsie. Tweedens word die omskrywing van "breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging", soos vervat in die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet No. 53 van 2003), vermeld ten einde die transformasiedoelwitte van die Wet in ooreenstemming te bring met daardie nasionale wetgewing. Derdens word suiwer tegniese wysigings aan artikel 6(3) gemaak en laastens word 'n nuwe subartikel (4) ingevoeg met die doel om die bevoegdhede van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad wesenlik uit te brei ten einde opdragte aan die Raad uit te reik.

Klousule 3: Wysiging van artikel 7 van die Hoofwet

Klousule 3 van die Wetsontwerp beoog om artikel 7(2)(q) van die Hoofwet te wysig ten einde beroepswedders en totalisatoroperateurs moontlik toe te laat om hul werksaamhede tydelik te bedryf vanaf enige plek anders as hul goedgekeurde perseel (i.e. hul sake tegelykertyd vanaf twee persele te bedryf). Huidiglik word hulle slegs toegelaat (behoudens goedkeuring deur die Raad) om hul werksaamhede tydelik te bedryf vanaf die plek van 'n sport- of ander gebeurtenis (bykomend tot hul goedgekeurde persele). Dit moet beklemtoon word dat indien 'n beroepswedder of totalisatoroperateur verlang om hul sake vanaf 'n ander perseel as hul goedgekeurde persele te bedryf, kan hulle dit slegs doen indien hul aansoek aan die Raad om so te doen goedgekeur is.

Klousule 3 van die Wetsontwerp beoog ook die wysiging van artikel 7(3)(g)(iii) van die Hoofwet ten einde dit in ooreenstemming te bring met die terminologie soos gebruik in die Wet op Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008).

Klousule 4: Wysiging van artikel 8 van die Hoofwet

Artikel 8 van die Hoofwet handel oor die samestelling van die Raad en stel teenswoordig die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad in staat om 'n amptenaar vanuit die departement aan te stel vir, *inter alia*, die doel van skakeling met die Raad. Klousule 4 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 8 van die Hoofwet ten einde –

(a) van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad te vereis om een of meer amptenare vanuit die Departement, ingesluit hul alternatiewe; en

(b) die doel van monitering van die Raad by te voeg tot die bestaande lys van doelwitte waarvoor die aanstelling gemaak behoort te word.

Klousule 5: Wysiging van artikel 9 van die Hoofwet

Artikel 9 van die Hoofwet handel met die onbevoegdheid vir aanstelling op die Raad. Klousule 5 van die Hoofwet beoog die wysiging van artikel 9 van die Hoofwet ten einde die onbevoegdhede uit te brei om persone wat, ten tye van die aanstelling, of tydens die voorafgaande 12 maande, 'n werknemers was van –

(a) 'n staatsorgaan;

(b) 'n openbare entiteit;

(c) 'n politieke party;

(d) enige provinsiale Wetgewer; of

(e) die Nasionale Wetgewer.

Klousule 6: Wysiging van artikel 10 van die Hoofwet

Klousule 6 van die Hoofwet beoog die wysiging van artikel 10 van die Hoofwet ten einde verwysing na die aflê van 'n beëdigde verklaring deur 'n benoemde vir aanstelling tot die Raad te verwyder, ingevolge waarvan die benoemde volle besonderhede van enige skuldigbevinding moet verskaf. Die rede hiervoor is dat, ingevolge die Wet, die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad nie meer oor die bevoegdheid beskik om 'n benoemde aan te stel onder sekere omstandighede nie, ten spyte daarvan dat die benoemde andersins onbevoeg is.

Klousule 7: Wysiging van artikel 13 van die Hoofwet

Artikel 13 van die Hoofwet word vervang en maak voorsiening dat alle lede van die Raad wie se ampstermyn verstryk het, moet voortgaan in hul amp totdat óf 'n nuwe Raad aangestel is, óf 'n tydperk van hoogstens 90 dae wat volg op die verstryking van die ampstermyn van drie jaar, watter tydperk ookal die kortste is.

Klousule 8: Wysiging van artikel 24 van die Hoofwet

Subklousule (3) word in artikel 24 van die Hoofwet ingevoeg ten einde van die Hoof-Uitvoerende Beampte van die Raad te vereis om sekere bevoegdhede en werksaamhede te aanvaar onder omstandighede waaronder die Raad nie in staat is om lisensies en registrasiesertifikate te hernu nie, of om met oortredings van die Wet of die reëls te handel.

Klousule 9: Invoeging van artikel 30A by die Hoofwet

Klousule 9 van die Wetsontwep beoog die invoeging van artikel 30A tot die Hoofwet ten einde die omvang van die bevoegdhede van die Raad, wanneer hy lisensievoorwaardes oplê, te beperk en verder te verduidelik.

Klousule 10: Wysiging van artikel 32 van die Hoofwet

Artikel 32 handel oor die onbevoegdhede vir 'n lisensie of registrasie. Klousule 9 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 32 van die Hoofwet ten einde die onbevoegdhede uit te brei tot persone wat, ten tye van die aanstelling, of tydens die voorafgaande 12 maande, 'n werknemer van 'n staatsorgaan, 'n openbare entiteit, 'n politieke party, enige provinsiale Wetgewer of die Nasionale Wetgewer was.

Klousule 11: Invoeging van artikel 32A by die Hoofwet

Klousule 11 van die Wetsontwerp beoog die invoeging van artikel 32A by die Hoofwet ten einde tehandel met die duur van registrasie van natuurlike persoon werknemers. Teenswoordig vereis werknemerregistrasies nie jaarlikse hernuwing nie, maar die nuwe klousules maak voorsiening vir hernuwing elke drie jaar wat volg op die datum van uitreiking.

Klousule 12: Wysiging van artikel 40 van die Hoofwet

Klousule 12 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 40 van die Hoofwet ten einde dit in ooreenstemming te bring met die terminologie gebruik in die Wet op Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008), gebruik word.

Klousule 13: Wysiging van artikel 43 van die Hoofwet

Klousule 13 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 43 van die Hoofwet ten einde dit duidelik te maak dat gelisensieerdes of geregistreerdes, wat natuurlike persoon-werknemers van dobbeloperateurs is, nie sodanige lisensie of registrasie aan 'n ander natuurlike persoon kan oordra nie.

Klousule 13 beoog ook die wysiging van subartikel (3) van die Hoofwet met verbetering van die duidelikheid van die betekenis ten doel.

Klousule 14: Invoeging van artikel 43A by die Hoofwet

Klousule 14 beoog die invoeging van artikel 43A as vervanging vir artikel 54 van die Hoofwet wat handel oor 'n persoon wat 'n finansiële belang in 'n lisensiehouer of geregistreerde bekom. Die interpretasie van artikel 54 is die spilpunt van huidige

regsgedinge. Artikel 54 word aangetref in die hoofstuk oor casino's, wat impliseer dat dit slegs op casinos van toepassing is. Gevolglik word die bepaling verskuif na 'n hoofstuk van die Wet wat van toepassing is op alle lisensiehouers en geregistreerdes.

Die bepaling, in sy huidige vorm, word in die algemeen beskou as onvoldoende en onprakties. 'n Betekenisvolle aspek van die nuwe bepaling is die verbod op die lisensiëring van filiale wat ten volle besit word deur 'n ander regspersoon. Hierdie artikel laat die Raad huidiglik nie toe om die korporatiewe sluier te lig nie, aangesien beheermaatskappye nie gelisensieer is nie en derhalwe, ingevolge die Wet, nie onderworpe is aan die gesag van die Raad nie.

Klousule 15: Wysiging van artikel 44 van die Hoofwet

Artikel 15 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 44(1) van die Hoofwet ten einde verwysing na geregistreerdes in te sluit, met verbetering van die duidelikheid van die betekenis ten doel.

Klousule 15 van die Wetsontwerp beoog die invoeging van subklousules (4) en (5) in die Hoofwet ten einde die Raad te bemagtig om die prosedures wat gevolg moet word wanneer aansoek gedoen word om goedkeuring vir die hervestiging van die sakebedrywighede van 'n lisensiehouer of geregistreerde, vanaf een stel persele na 'n ander, voor te skryf, en om voorsiening te maak vir die heffing van 'n fooi vir sodanige aansoeke.

Klousule 16: Wysiging van artikel 47 van die Hoofwet

Klousule 16 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 47 van die Hoofwet sodat dit onnodig is vir die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad om enige Portefeuljekomitee van die KwaZulu-Natal Wetgewer te raadpleeg wanneer opdragte vir casino's saamgestel word.

Klousule 17: Wysiging van artikel 53 van die Hoofwet

Clause 17 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 53 van die Hoofwet ten einde subartikels (4) en (5) te skrap. Hierdie bepalings handel oor die wysiging, vervanging of herroeping van voorwaardes vir 'n casinolisensie. Die bepalings is oorbodig omrede die wysiging, vervanging of herroeping van voorwaardes vir alle lisensietipes hanteer word in Hoofstuk 5 van die Hoofwet, wat handel oor lisensiëring en registrasie.

Klousule 18: Herroeping van artikel 54 van die Hoofwet

Artikel 54 handel oor die verkryging van 'n beherende belang of 'n finansiële belang in 'n casinolisensiehouer en klousule 43A van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 54 van die Hoofwet deur sy vervanging. Klousule 43A is van toepassing op alle lisensiehouers en geregistreerdes.

Klousule 19: Wysiging van artikel 55 van die Hoofwet

Klousule 19 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 55(1) van die Hoofwet deur die insluiting van verwysing na "elektroniese bingoterminale" en ander invoegings en skrappings ten einde dit duideliker te maak wat die bepaling bedoel is om in te sluit en te reguleer.

Klousule 19 van die Wetsontwerp beoog ook die wysiging van artikel 55(2) van die Hoofwet ten einde dit te vereenvoudig en gevolglik die duidelikheid van die betekenis te verbeter.

Klousule 20: Wysiging van artikel 57 van die Hoofwet

Klousule 20 van die Wetsontwerp wysig artikel 57 van die Hoofwet deur die skrapping van subartikels (4) en (5), aangesien hulle oorbodig is. Weens die voorgestelde wysigings van artikel 30 van die Wet, wat handel oor lisensievoorwaardes in die algemeen, is die gewysigde artikel 57 van toepassing op alle lisensietipes.

Klousule 21: Wysiging van artikel 59 van die Hoofwet

Klousule 21 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 59(a) van die Hoofwet ten einde dit in ooreenstemming te bring met die terminologie gebruik in die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008).

Klousule 22: Wysiging van artikel 62 van die Hoofwet

Klousule 22 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 62(1)(d) van die Hoofwet deur die skrapping van die woorde "standaarde en", ten einde dit in ooreenstemming te bring met die bepalings van die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008).

Klousule 22 van die Wetsontwerp beoog ook die wysiging van artikel 62 van die Hoofwet deur die skrapping van subartikels (4) en (5). Hierdie bepalings is oorbodig

omrede die wysiging, vervanging of herroeping van voorwaardes vir alle lisensietipes hanteer word in Hoofstuk 5 van die Hoofwet, wat handel oor lisensiëring en registrasie.

Klousule 23: Wysiging van artikel 69 van die Hoofwet

Klousule 23 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 69 van die Hoofwet deur die invoeging na subparagraaf (d) van 'n nuwe subparagraaf (e), wat verklaar dat "die registrasie se hernuwing word betaalbaar ingevolge artikel 32A." Die uitwerking hiervan is dat terwyl die duur van sekere werknemers se registrasie teenswoordig hoofsaaklik onbepaald is, met uitsondering van die ontstaan van sekere omstandighede, beperk die voorgestelde nuwe artikel 32A die registrasietydperk vir sodanige werknemers tot tussen 36 tot 48 maande, afhangend van die datum waarop die herdenking van die werknemer se verjaarsdag val.

Klousule 24: Wysiging van artikel 73 van die Hoofwet

Klousule 24 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 73 van die Hoofwet ten einde te voorsien dat die Raad die reg toegestaan sal word vir die insluiting van kostes aangegaan ten opsigte van tyd wat deur die werknemers van die Raad gespandeer is aan 'n ondersoek ingestel op 'n aansoeker, soos beoog ingevolge artikels 35 en 37 van die Hoofwet.

Klousule 25: Wysiging van artikel 77 van die Hoofwet

Klousule 25 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 77(1) van die Hoofwet ten einde te vereis dat alle dobbeloperateurs belasting in 'n rekening van die Raad betaal, in teenstelling met die huidige situasie waarby daar van sommige dobbeloperateurs vereis word om belasting direk aan die Provinsiale Inkomstefonds te betaal.

Klousule 25 van die Wetsontwerp beoog ook die wysiging van artikel 77 van die Hoofwet deur die invoeging van subartikel (3). Subartikel (3) vereis dat die Raad 'n gedeelte van die belasting wat ontvang word versprei, soos voorgeskryf, en dat die Raad dan die balans van die belasting aan die Provinsiale Inkomstefonds oorbetaal, nie later as 20 dae na die einde van elke kalendermaand nie.

Klousule 25 van die Wetsontwerp beoog ook die wysiging van artikel 77 van die Hoofwet deur die invoeging van subartikel (4), wat van die Raad vereis om aan beide die Provinsiale Tesourie en die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad 'n breedvoerige verslag betreffende die belasting wat ontvang en versprei is deur die

Raad te voorsien. Laastens, twee nuwe subartikels (5) en (6) word ingevoeg, vir die doeleinde van 'n eenvormige sperdatum vir die betaling van dobbelbelasting.

Klousule 26: Wysiging van artikel 78 van die Hoofwet

Klousule 26 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 78 van die Hoofwet, *inter alia*, deur die invoeging van 'n voorbehoudsbepaling wat hoofsaaklik die uitwerking het dat 'n lisensiehouer kennis gegee word voordat die opskorting van 'n lisensie opgelê word as gevolg van versuim van betaling van 'n fooi, belasting of heffing, terwyl die bedoeling teenswoordig is dat die opskorting van 'n lisensie vir die versuim van betaling van 'n fooi, belasting of heffing onmiddelik van krag moet wees. Verder word dit nou duidelik gestel dat rente op 'n boete (nie 'n administratiewe boete nie) betaal moet word op belasting wat nie betyds of ten volle betaal is nie.

Klousule 27: Wysiging van artikel 89 van die Hoofwet

Klousule 27 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 89 van die Hoofwet deur dit in geheel te vervang en verreikende veranderings aan die bestaande wetgewing, soos van toepassing op renbaanoperateurs en die tipes totalisatorlisensies wat hulle mag hou, te maak. Drie nuwe subtipes van renbaanoperateurslisensies is soos volg geskep –

(a) die operateur van 'n eksklusiewe reg-renbaanlisensie;

(b) die operateur van 'n standaardgeteelde renbaanlisensie; en

(c) die operateur van 'n tuigwedren-baanlisensie.

Klousule 28: Herroeping van artikel 90

Klousule 28 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 90 van die Hoofwet (wat handel oor die verkryging van 'n belang in 'n renbaanoperateur) ten einde interne konflik te vermy omrede die voorgestelde nuwe artikel 43A breedvoerig handel oor die verkryging van 'n finansiële belang in alle lisensiehouers en geregistreerdes.

Klousule 29: Wysiging van artikel 91 van die Hoofwet

Klousule 29 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 91 van die Hoofwet ten einde die lisensiehernuwingstydperk vir renbaanoperateurs in ooreenstemming te bring met die van ander lisensietipes.

Klousule 30: Wysiging van artikel 94 van die Hoofwet

Klousule 30 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 94 van die Hoofwet ten einde die tipes persone wat 'n beroepsweddenslisensie mag hou te verduidelik en

om die lisensiehernuwingstydperk vir beroepswedders in ooreenstemming te bring met die van ander lisensietipes.

Klousule 31: Skrapping van artikel 97

Klousule 97 van die Wetsontwerp word geskrap ten einde potensiële interne konflikte met ander bepalings van die Wet, wat ook handel oor verandering in die eienaarskap van 'n lisensie, op te los omrede hierdie bepalings handel oor verandering van eienaarskap op 'n wyse bedoel om van toepassing te wees op alle lisensietipes.

Klousule 32: Skrapping van artikel 98 van die Hoofwet

Klousule 98 van die Wetsontwerp word geskrap ten einde potensiële interne konflikte tussen ander bepalings van die Wet wat ook handel oor verandering in direkteure van 'n maatskappy wat 'n lisensie besit, op te los, omrede hierdie bepalings sodanige veranderinge hanteer op 'n wyse bedoel om van toepassing te wees op alle lisensietipes.

Klousule 33: Skrapping van artikel 106 van die Hoofwet

Klousule 106 van die Wetsontwerp word geskrap ten einde potensiële interne konflikte met ander bepalings van die Wet, wat ook die registrasie van persone hanteer, waar ander bepalings in die Wet registrasies hanteer op 'n wyse bedoel om van toepassing te wees op alle registrasietipes, op te los.

Klousule 34: Wysiging van artikel 110 van die Hoofwet

Klousule 34 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 110 van die Hoofwet ten einde dit in ooreenstemming te bring met die gewysigde artikel 89 sodat beperkings op die dinge waarop lisensiehouers van totalisatoroperateurs weddenskapstransaksies kan aangaan ooreenstem met elke nuwe subtipe gelisensieerde renbaanoperateur soos vermeld in die gewysigde artikel 89.

Klousule 35: Wysiging van artikel 111 van die Hoofwet

Klousule 35 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 111 ten einde bykomende bevoegdhede aan die Raad te verleen vir die hantering van die aanstelling en registrasie van totalisatoroperateurs, totalisatorbestuurders en totalisatoragente, in ooreenstemming met die Raad se bestaande bevoegdhede met betrekking tot beroepsweddersbestuurders.

Klousule 36: Wysiging van artikel 119 van die Hoofwet

Klousule 36 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van paragraaf (c) van artikel 119 van die Hoofwet vir die verwydering van die bevoegdheid van die Raad om reëls te maak betreffende die perseel waarop beroepswedders en totalisators weddenskapstransaksies mag aangaan.

Klousule 37: Wysiging van artikel 120 van Hoofwet

Klousule 37 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 120 ten einde beide duidelikheid te verbeter asook potensiële interne konflikte tussen die voorgestelde wysigings van artikel 44, wat handel oor die hervestiging van die sakebedrywighede van 'n lisensiehouer of registreerde vanaf een stel persele na 'n ander, op 'n wyse bedoel om van toepassing te wees op alle lisensie- en registrasietipes, te vermy.

Klousule 38: Wysiging van artikel 121 van die Hoofwet

Klousule 38 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 121 van die Hoofwet ten einde potensiële konflikte tussen die voorgestelde wysigings van artikel 44, wat handel oor die hervestiging van die sakebedrywighede van 'n lisensiehouer of geregistreerde (ingesluit 'n tydelike hervestiging), vanaf een stel persele na ander, op 'n wyse bedoel om van toepassing te wees op alle lisensie- en registrasietipes, te vermy.

Klousule 39: Wysiging van artikel 123 van die Hoofwet

Klousule 39 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van subartikel (1) van artikel 123 ten einde dit in ooreenstemming te bring met die terminologie gebruik in die Wet op die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies, 2008 (Wet No. 5 van 2008). Subartikels (2), (3) en (4) van artikel 123 word gewysig met verbetering van die duidelikheid van hierdie bepalings se betekenis ten doel.

'n Nuwe subartikel (5) word ingevoeg ten einde dit duidelik te stel dat 'n goedgekeurde weergawe van 'n gerekenariseerde rekordhoudingstelsel nie ophou om 'n goedgekeurde weergawe van 'n gerekenariseerde rekordhoudingstelsel te wees wanneer wanneer 'n nuwe weergawe van sodanige stelsel ontwikkel en goedgekeur word nie. Die nuwe bepaling het ook ten doel om 'n vereiste op die Raad te plaas om 'n opgedateerde register van all goedgekeurde gerekenariseerde rekordhoudingstelsels in stand te hou, ingesluit elke goedgekeurde weergawe van 'n goedgekeurde gerekenariseerde rekordhoudingstelsel.

Klousule 40: Wysiging van artikel 124 van Hoofwet

Klousule 40 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 124 deur die invoeging van 'n voorbehoudsbepaling wat verduidelik dat, ongeag die plek waar die wedder is wanneer 'n weddenskapstransaksie aangegaan word, die weddenskapstransaksie beskou word as aangegaan op die gelisensieerde perseel van die tersaaklike gelisensieerde of geregistreerde.

Klousule 41: Wysiging van artikel 125 van Hoofwet

Klousule 41 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 125 van die Hoofwet vir die beperking van die middellike verantwoordelikheid van 'n totalisatorlisensiehouer of beroepswedder vir die handelinge en weglatings van die werknemers van sodanige totalisatorlisensiehouer of beroepswedder tot handelinge en weglatings verwant aan die aktiwiteite bemagtig deur die betrokke lisensie.

Klousule 42: Wysiging van artikel 128 van die Hoofwet

Klousule 42 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 128 van die Hoofwet vir die verandering van 'n kruisverwysing van artikel 129 na artikel 77, 'n wysiging wat voortvloeiend is uit die wysigings gemaak aan artikels 77 en 129.

Klousule 43: Wysiging van artikel 129 van die Hoofwet

Klousule 43 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 129 van die Hoofwet ten einde dit in ooreenstemming te bring met die gewysigde artikel 77 aangesien altwee handel oor belasting en die verspreiding daarvan.

Klousule 44: Wysiging van artikel 131 van die Hoofwet

Klousule 44 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 131 van die Hoofwet ten einde dit in ooreenstemming te bring met die gewysigde artikel 77 aangesien altwee handel oor die aangeleentheid van watter organisasie belasting en belastingopgawes, onderskeidelik, aan betaal, en by ingedien, moet word.

Klousule 45: Skrapping van artikel 132 van die Hoofwet

Artikel 132 van die Wet word geskrap ten einde botsings met die gewysigde artikels 77, 128, 129 en 131 te vermy.

Klousule 46: Wysiging van artikel 134 van die Hoofwet

Klousule 46 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 134 van die Hoofwet ten einde voorsiening te maak dat die Raad toegelaat sal word om kostes in te sluit wat aangegaan word ten opsigte van tyd wat deur die werknemers van die Raad gespandeer word tydens die uitvoer van 'n ondersoek op 'n aansoeker vir die toestaan

van enige lisensie, registrasie of gesag wat vereis word ingevolge Hoofstuk 13, 14, 15 of 16, of vir die goedkeuring van 'n gerekenariseerde rekordhoudingstelsel.

Klousule 47: Wysiging van artikel 137 van die Hoofwet

Klousule 47 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 137 deur die vervanging van die term "**Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds**", waar ook al dit voorkom in die artikel, met die woord "**Transformasiefonds**". Hierdie wysigings is gekoppel aan die wysigings wat aan die omskrywings gemaak is, met ander woorde, die omskrywing van "Perdewedren- en Weddenskaptransformasiefonds" word geskrap en 'n nuwe omskrywing van "Transformasiefonds" word ingevoeg.

Klousule 48: Wysiging van artikel 146 van Hoofwet

Klousule 48 van die Wetsontwerp beoog die wysiging van artikel 146 van die Hoofwet vir die uitbreiding van die bevoegdhede van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad om regulasies betreffende sekere aspekte te maak.

Klousule 49: Kort titel

Klousule 49 bevat die kort titel van die wysigingswet.

3. ORGANISATORIESE EN PERSONEELIMPLIKASIES VIR PROVINSIALE REGERING

Geen onbehoorlike organisatoriese en personeelimplikasies word voorsien nie.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR PROVINSIALE REGERING

Geen onbehoorlike finansiële implikasies word voorsien nie.

5. DEPARTEMENTE/ LIGGAME/ PERSONE GERAADPLEEG

Die Wetsontwerp is opgestel in oorlegpleging met –

5.1 Die KwaZulu-Natal Raad op Dobbelary en Weddery; en

5.2 Die KwaZulu-Natal Dobbelarybedryf.

6. KONTAKPERSONE

6.1 KwaZulu-Natal Tesourie

Naam:	Mnr NS Mutheiwana
Posisie:	Algemene Bestuurder: Dobbelary en Weddery
Telefoon:	(033) 395 2640
Faksnommer:	(033) 342 4913
Selfoonnommer:	082 562 8070
e-pos:	ndanduleni.mutheiwana@kzntreasury.gov.za

6.2 KwaZulu-Natal Tesourie

Naam:	Mnr BR Wilkinson
Posisie:	Adjunkbestuurder: Dobbelary en Weddery
Telefoon:	(033) 395 2849
Faksnommer:	(033) 342 4913
Selfoonnommer:	082 853 6774
e-pos:	barry.wilkinson@kzntreasury.gov.za

No. 25 **6 kuNtulikazi 2015**

UMTHETHOSIVIVINYO WOKUCHIBIYELA UMTHETHOWEMIDLALO WEZEMIDLALO YEMALI NOKUBHEJA WAKWAZULU-NATALI, 2015

Isaziso ngokuhambisana noMthetho 194 weMithetho Emileyo yeSishayamthetho saKwaZulu-Natali

Ngalokhu kunikezwa isaziso ngokuhambisana noMthetho 194 weMithetho EmileyoyeSishayamthetho sesiFundazwe maqondana nokuthi Umthethosivivinyo wokuChibiyela uMthetho wezeMidlalo yeMali nokuBheja waKwaZulu-Natali, 2015, njengoba uchazwe ngezansi, sewethuliwe eSishayamthethweni esibalulwe ngenhla futhi uzocutshungulwa yiKomidi Lesishayamthetho Lezezimali. Umphakathi kanye nabanye abanentshisekelo bayamenywa ukuba balethe izethulo ezimayelana nalo Mthethosivivinyo, okumele ziqondiswe ku -:

Mnu. S Chili
UNobhala
ISishayamthetho saKwaZulu-Natali
Isikhwama Seposi X 9112
Pietermaritzburg
3200

Email: chili@kznlegislature.gov.za

ukuze zifinyelele kuye zingakapheli izinsuku eziyi-15 kusukela ngosuku okushicilelwe ngalo lesi saziso

N NAIDOO
UNobhala weSishayamthetho saKwaZulu-Natali

UMTHETHOSIVIVINYO
WOKUCHIBIYELA UMTHETHO WEMIDLALO YEMALI NOKUBHEJA WAKWAZULU-NATALI, 2015

IZINCAZELO EZEJWAYELEKILE:

[ ] Amagama abhalwe ngokugqamile kubakaki abayizikwele akhombisa okususiwe emthethweni okhona

_____ Amagama adwetsheiwe ngomugqa ohlangene akhombisa okufakiwe emthethweni okhona

UMTHETHOSIVIVINYO

Wokuchibiyela uMthetho wemiDlalo yeMali nokuBheja waKwaZulu-Natali, 2010, ukuze kuchitshiyelwe umbhalo; wokufaka izincazelo nezinhlinzeko ezintsha; nokuhlinzekela okunye okuphathelene nalokho.

MAWUMISWE yisiShayamthetho sesiFundazwe saKwaZulu-Natali, kanje:-

Ukuchitshiyelwa kwesigaba 1 soMthetho 8 ka 2010

1. Ngalokhu kuchitshiyelwa isigaba 1 soMthetho wemiDlalo yeMali nokuBheja waKwaZulu-Natali, 2010 (uMthetho No. 8 ka 2010), ngemuva kwalokhu ozobizwa ngoMthetho omkhulu –

(a) ngokuthi kufakwe esikhundleni sencazelo yegama "ibhingo" le ncazelo elandelayo:

""**ibhingo**" kushiwo umdlalo,**[ohlelwe njengento eyenziwa iqoqo labantu, lapho abadlali abaningi beqhudelana khona, kubandakanya umdlalo]**okungaba uwonke, noma ingxenye yawo idlalwa ngemishini kagesi, noma ngenye indlela –

(a) **[odlalwa]** ngokuthi kusetshenziswe amakhadi noma ezinye isigqebhezana zokudlala, kubandakanya izigqebhezana ezimele amakhadi –

(i) ahlukaniswe ngezikhala ezinezinombolo, ezinezithombe noma ezinezimpawu ezahlukene; futhi

(ii) **[anezinombolo]** lezozinombolo, **[anezithombe]**lezo zithombe noma

[anezimpawu]lezo zimpawu ezihlelwe ngendlela exovekile ukuze ikhadi ngalinye noma isigqebhezana sokudlala sibe nezinombolo, nezithombe noma nezimpawu zaso sodwa;

(b)lapho **[umqhubi noma omemezelayo ebiza noma eveza]**kuvezwa noma kubizwa izinombolo, izithombe noma izimpawu eziningi ngendlela exovekile bese **[abadlali beqhathanisa lezo zinombolo, lezo zithombe noma lezo zimpawu]** lezo zinombolo, lezo zithombe, lezo zimpawu ziqhathaniswa ngendlela efanele

ekhadini noma

esigqebhezaneni sokudlala njengoba zibiziwe noma ziveziwe; futhi

(c) lapho umdlali **[oba owokuqala]** okhadi lakhe noma osigqebhezana sakhe sokudlala siba ngesokuqala ukugondana nazo zonke izikhala, noma **[oqondanisa]** okhadi lakhe noma osigqebhezana sakhe sokudlala sigondana nezinombolo ezithile, nezithombe ezithile noma nezimpawu ezithile **[ekhadini noma esigqebhezaneni sokudlala]**, uthola umklomelo noma imiklomelo,

nanoma imuphi omunye umdlalo odlalwayo omenyezelwa njengomdlalo webhingo ngokuhambisana nesigaba 6(4)(b) soMthetho wezokuGembula kaZwelonke, 2004 (uMthetho No. 7 ka 2004);";

(b) ngokuthi kufakwe ngemuva kwencazelo yegama "ilayisensi yebhingo" le ncazelo elandelayo:

""**isihlalo sebhingo**" kushiwo indawo eyodwa yokuhlala egumbini lebhingo;";

(c) ngokuthi kufakwe esikhundleni sencazelo yegama "ubhuki" le ncazelo elandelayo:

""**ubhuki**" kushiwo umuntu **[onikezwe]** ilayisensi ngokwesigaba 94, yokwamukela okukhishwayo noma iziteki ngenhloso yokubhejisa emjahweni wamahhashi, kwezemidlalo, emcimbini wezemidlalo nakunoma imuphi umcimbi noma umbuthano noma kwinhlanganisela yaleyo mijaho yamahhashi, yemidlalo, yemicimbi yezemidlalo noma yeminye imicimbi noma imibuthano;";

(d) ngokuthi kufakwe ngemuva kwencazelo yegama "ikomidi" le ncazelo elandelayo:

""**amazinga ayimpoqo**" kushiwo amazinga ayimpoqo njengoba kuchazwe esigabeni 1 soMthetho woHlaka oluLawula amaZinga ayiMpoqo lukaZwelonke, 2008 (uMthetho No. 5 ka 2008);

"**ukuhlola ukuhambisana namazinga ayimpoqo**"kushiwo ukuhlola ukuhambisana namazinga ayimpoqo njengoba kuchazwe esigabeni 1 soMthetho woHlaka oluLawula amaZinga ayiMpoqo lukaZwelonke, 2008 (uMthetho No. 5 ka 2008);

"**ohlinzeka ngemisebenzi yokuhlola ukuhambisana namazinga ayimpoqo**" kushiwo umuntu owenza umsebenzi wokuhlola ukuhambisana namazinga ayimpoqo egameni loHlaka oluLawula amaZinga ayiMpoqo lukaZwelonke, ngokwesivumelwano okungenwe kusona phakathi kwalowo muntu noHlaka oluLawula amaZinga ayiMpoqo lukaZwelonke;";

(e) ngokuthi kufakwe esikhundleni sencazelo yegama "inkampani" le ncazelo elandelayo:

""**inkampani**" kushiwo inkampani ebhaliswe ngokoMthetho weziNkampani, **[1973]**2008 (uMthetho No. **[61]**71 ka **[1973]**2008), noma ibhizinisi lababambisene**[, noma eyasungulwa ngokuhambisana ne-Odinensi yokuLawula ezemiJaho yamaHhashi, 1957 (i-Odinensi No. 28 ka 1957), noma inkampani ezimele ebhaliswe ngokoMthetho weziNkampani eziziMele, 1984 (uMthetho No. 69 ka 1984)]**;";

(f)ngokuthi kufakwe esikhundleni sencazelo "ukuhlomula ngokwezezimali" le ncazelo elandelayo:

""**ukuhlomula ngokwezezimali**" kushiwo –

(a) ilungelo noma igunya lokwabelana inzuzo noma imali engenayo;

(b) ilungelo lobunikazi maqondana nempahla yenkampani noma yebhizinisi;

(c) ilungelo lobunikazi noma elithinta umuntu ngqo emphahleni esetshenziswa inkampani noma ibhizinisi;

(d) ukuhlomula ngqo noma ngandlela thile kumasheya ahambisana nelungelo lokuvota, noma emalungelweni okuvota ahambisana namasheya, enkampani noma ebhizinisini; kodwa

(e) akubandakanyi –

(i) ukuhlomula ngandlela thile kunoma isiphi isikhwama noma ezimalini ezitshaliwe, uma umuntu ohlomulayo kulokho engenalo igunya oluLawula izingumo ezithathiwe mayelana naleso sikhwama noma nalokho kutshalwa kwezimali;

(ii) nanoma iliphi igunya emalini engenayo egongelelekayo kumuntu ngemuva kokungena esivumelwaneni sokuhlinzeka impahla noma imisebenzi kumuntu onelayisensi noma kumuntu obhalisiwe;";

(g) ngokuthi kufakwe ngemuva kwencazelo yegama "umshini wokudlala" le ncazelo elandelayo:

""**indawo yokudlala**"kushiwo –

(a) umshini wokudlala owakhelwe ukusetshenziswa umuntu oyedwa kuphela;

(b) ingxenye yomshini wokudlala owakhelwe ukusetshenziswa abantu abangaphezu koyedwa, kodwa ekwazi ukufaka umuntu oyedwa kuphela ukuba adlale;

(c) ingxenye yomshini wokudlala evumela kuphela ukuba kudlale umuntu oyedwa; noma

(d) isihlalo noma indawo yokuma ezakhiweni ezinelayisensi, evumela kuphela ukuba kudlale umuntu oyedwa;";

(h) ngokuthi kufakwe ngemuva kwencazelo yegama "umshini wokudlala" le ncazelo elandelayo:

